**Vrydag 3 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 12:1-13**
**Fokusgedeelte: Eksodus 12:11-13 (AFR53)**
**Deur die bloed van die Lam is daar lewe**

Die tiende plaag, die klimaks, is reeds aangekondig in Eksodus 11. Skielik word die geskiedenisvertelling onderbreek met baie belangrike inligting oor ’n baie belangrike fees – die Paasfees. Die belangrike inligting begin reeds in Eksodus 12.

Die volk Israel se hele kalender en hulle manier van dink oor tyd word radikaal verander. Nou, met hierdie uittog uit Egipte, is die begin van hulle jaar (Eks. 12:2). Die HERE kom herskep sy dooie volk. Hierdie woord vir “begin” is dieselfde woord wat ons ook in Genesis 1:1 lees: “In die begin ...” Die Here maak ’n nuwe begin met sy volk, en dit moet hulle *identiteit radikaal verander*.

Een van die belangrikste aspekte van hierdie nuwe begin behels bloed. ’n Lam se bloed moes vloei. Sonder die bloed aan die deurkosyne was die lewe nie moontlik nie.

Baie jare later word dieselfde pasga nog steeds gevier. Die Here Jesus se dissipels vra waar hulle moet gereed maak om die pasga te eet (o.a. Matt. 26:17). En dan is dit baie opvallend dat ons nêrens in die Nuwe Testament lees van ’n pasga-lam of van bitter kruie tydens die pasga nie. Hoekom nie? Die Lam is reeds daar, en juis tydens die voorbereiding en viering van die pasga-fees word Hy geslag. Jesus Christus is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh. 1:29). Hiermee saam lees ons alleen van brood en wyn met die laaste pasga van Jesus met sy dissipels.

’n Lam se bloed het gevloei – Jesus Christus se bloed. Alleen deur en in sy bloed is daar vir ons lewe. Ons herskepping is in ons HERE Jesus Christus. In Hom het ons ’n nuwe begin en is ons identiteit radikaal verander. Ons lewe in gemeenskap met Hom as ons sy tekens van brood en wyn gebruik aan sy nagmaalstafel.

*Sing: Skrifberyming 8 (5-3):1, 2*
*Ds. R Boersema (Reinhart) (Vryburg)*